

Ringsvoorsitters Retreat - 19 en 20 Februarie 2018 by The Willows, Bloemfontein (Dr Arnold Smith)

Hierdie baie spesiale retreat het baie bygedra in hierdie beweging van die kerk. Gestimuleer deur die gesprekke by die opening van die Teologiese Fakulteit, kon die retreat by *The Willows* gebeur.

Die beste begin vir die retreat was dan ook om geloofsonderskeidend te wandel in die Woord rondom Jesaja 60: 1-3, in samehang met die leuse van die kerk in die Vrystaat: **Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld.** 'n Vars erkenning van die Lig wat uitgaan van die Almagtige God in 'n soms donker en pyn oorlaaide wêreld.

Ons kon knaag aan ons verstaan van missionale teologie en dit weer herken as niks anders as die wese van die kerk nie. Dis die "hoe" wat uitdagend wink. Om medereisigers se stemme hieroor te hoor was so versterkend. Dankie vir die deel van sielsverrykende verhale uit gemeentes.

Om saam te eet en te kuier was ook om mekaar as reisgenote te leer ken. Dit is uiters motiverend om na mekaar se standpunte te luister.

Ons kon ook die werkgroep hoor van Christa Maree van ENGO oor pleegouers vir babas in veiligheid. Vanaf Anton Meiring van die Interimkomitee (Moderamen), kon ons meer hoor van die werk wat op grondvlak in ringe behoort te gebeur. Baie onsekerheid het verdwyn.

Die beste is egter vir laaste gehou, om te hoor en te luister na die stemme uit die 15 verskillende ringe - die opgewondenheid, seën, maar ook die effense onsekerheid en versigtige voetwerk vir die jaar wat voorlê. Ons kon saambid vir die verskillende ringe en ook vir ons meer duidelike verantwoordelikheid.

Baie dankie aan Barnard Steyn vir die baie goeie, stiptelike leiding en dat ons almal se stemme gehoor is.

Baie dankie vir die reëlings uit die kantoor om 'n geskikte plek en materiaal daar beskikbaar te hê.

Baie dankie aan die personeel van *The Willows* wat net die beste aan ons voorgesit het.

Baie dankie aan die reisgenote vir die twee dae van wie ons so baie kon hoor en leer.

Soli Deo Gloria!

